


DIE LIEFDE - WEEK 2

# FAMILIE-TYD



## WAT LEER EK MY KIND VANDAG?

God is lief vir elkeen van ons en daarom is ons baie waardevol. Dit is ons opdrag om ook lief te wees vir al God se waardevolle mense.

1 Johannes 3:23 ABA
God wil hê dat ons in Sy Seun Jesus Christus moet glo en dat ons lief moet wees vir mekaar.

## SAAM DOEN:

Elkeen in die gesin moet iets gaan haal wat vir hulle persoonlik baie waardevol is. Vir die kinders kan dit 'n geliefde speelding, 'n troeteldier of 'n slaaptyd beertjie wees.

Vir mammas en pappas kan dit dalk n trouring, 'n string pêrels of 'n geliefde erfstuk wees.






## SAAM PRAAT - DEEL 1

Bespreek die volgende vra sodra elke kind terug is met hulle waardevolle besitting:

-Hoekom is hierdie item vir jou so spesiaal?
-Wat sal jy doen as iemand (boetie / sussie / maatjie) hierdie spesiale item weggooi of breek?

## SAAM PRAAT - DEEL 2

Net soos daardie spesiale item vir jou baie waardevol is, so is elke mens vir God waardevol en baie spesiaal. Omdat mense vir God so spesiaal is, vra Hy ons om vir sy mense om te gee en vir hulle lief te wees. Alle mense is vir God waadevol - groot en klein, oud en jonk, vreemde en bekende mense, ALMAL. In God se oë is elke mens van onskatbare waarde. So waardevol dat Jesus dood gegaan het om die prys vir elkeen se sonde te betaal en ons verhouding met God heel te maak.